Veiligheidsbeleid.

1. DOEL.

Die Minister van Onderwys, die destydse minister Naledi Pandor, het na oorlegpleging met haar Raad van Onderwysadviseurs, en in terme van seksie 6 (a) van die SA. Skolewet 84 van 1996, 'n amendament tot die wet toegevoeg wat voorsiening maak vir 'n veiligheidsbeleid om veiligheid en sekuriteit in alle Openbare Skole te verseker.

Die primêre doel van die beleid is om 'n veilige omgewing in die skole te vestig waar onderrig en leer funksioneel kan plaasvind soos dit gestalte vind in die Grondwet van SA asook in die Handves van Menseregte.

Die Veiligheidsbeleid het die volgende doelstellings:

- die daarstelling van 'n veilige en verdraagsame leeromgewing in elke skool;
- om die ouer- en breër gemeenskap by die veiligheid van die skool te betrek;
- om nou saam te werk met ander Staatsdepartemente en ander belangegroepe om die probleme aan te spreek wat tot antinormatiewe gedrag in skole aanleiding kan gee, en
- om die Beheerliggaam, opvoeders, nie-opvoeders, leerders en die gemeenskap se samewerking te kry om 'n veilige leeromgewing daar te stel.

2. REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN ROLSPELERS.

2.1 Leerders.

2.1.1 Regte van leerders.

In terme van die Grondwet van Suid-Afrka en die S.A. Skolewet het die leerders die reg tot:

- 'n skoon en veilige omgewing wat geskik is vir opvoeding;
- die veiligheid van eiendom, kindervriendelike fasiliteite,
- skoon water, die reg om klasse by te woon, toetse en eksamens te skryf;
- leerders het die reg tot gesondheid, veiligheid en gelykheid, asook di beskerming teen ekonomiese- en politieke uitbuiting; en

- die leerders het die reg om teen alle vorme van geweld, mishandeling, beserings en verwaarlosing beskerm te word.

2.1.2 Verantwoordelikhede van leerders.

Leerders moet die verantwoordelikheid aanvaar om:

- die fasiliteite en toerusting tot hul beskikking met versigtigheid te gebruik sodat ander leerders dit ook nog sinvol kan gebruik en geniet.
- 'n leerder wat doelbewus skooleiendom beskadig of vernietig moet verantwoordelik gehou word om die skade te vereffen of om die toerusting te vervang;

- leerders moet weet dat die beskadiging van eiendom 'n strafbare oortreding is; en
- die besit van gevaarlike wapens en die besit van dwelmverwantemidde is onwettig.

2.2 Opvoeders en nie-opvoeders.

2.2.1 Regte van opvoeders en nie-opvoeders.

- Alle opvoeders en nie-opvoeders het die reg om te werk in 'n omgewing wat vry is van intimidasie, misdaad, diskriminasie en teistering. So 'n omgewing sal hul motiveer tot hoër produktiwiteit en kwaliteit opvoeding van die leerders.

2.2.2 Verantwoordelikhede van opvoeders en nie-opvoeders.

- Opvoeders en nie-opvoeders het die verantwoordelikheid om leerders te beskerm teen enige vorm van wreedheid en molestering. In dié verband moet hulle pro-aktief optree en deurentyd streef na oplosssings om dergelike anti-normatiewe gedrag teen te werk.

2.3 Die rol van die Beheerliggaam.

As die gesag wat die ouers verteenwoordig, om beheer in die skole uit te oefen, het die Beheerliggaam 'n kritiese rol om te verseker dat opvoeders, leerders en ander rolspelers in 'n veilige omgewing hulle rolle te kan vervul deur:

2.3.1 'n Veiligheidsbeleid daar te stel;
2.3.2 Fondse beskikbaar te stel om toerusting aan te koop om veiligheid te verseker;
2.3.3 Om te versker dat geboue en ander fasiliteite veilig vir die opvoeders, nie-
opvoeders en leerders is;
2.3.4 Om risiko-faktore in die skool te identifiseer en strategieë uit te werk om dit te verbeter;
2.3.5 Om te verseker dat alle veiligheidsmaatreëls in plek is;
2.3.6 Om effektiewe onderrig te laat realiseer.

2.4 Die rol van die Onderwysdepartement.

2.4.1 Om te verseker dat elke skool 'n veiligheidsbeleid het;
2.4.2 Om te verseker dat elke skool 'n veiligheidskomitee het;
2.4.3 Om die bestaan en die implementering van sodanige veiligheidsbeleid deurlopend te monitor;
2.4.4 Die Onderwysdepartement moet die nodige opleiding verskaf aan die veiligheidskomitee rakende veiligheidsmaatreëls;
2.4.5 Om ondersteuning te verskaf sodat slagoffers van misdaad en molestering geïdentifiseer kan word om na ander rolspelers en ondersteuningsdienste verwys te word;
2.4.6 Om te verseker dat alle gevalle van misdaad en molestering te alle tye aan die lig gebring word; en
2.4.7 deurlopend register te hou van ongerymdhede, geweld en molestering op skool, distrik en provinsiale vlak.

2.5 Die rol van ander belangegroepe.

Skole sal deurgaans met ander belangegroepe saamwerk om 'n veilige leeromgewing te skep en te onderhou. Sulke belangegroepe sluit in:

2.5.1 Suid-Afrikaanse Polisie;
2.5.2 Departement van Sosiale Ontwikkeling;
2.5.3 Departement van Gesondheid; en
2.5.4 Department van Justisie, ens.

3 IMPLEMENTERING VAN 'n VEILIGHEIDSBELEID BY PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS

A TYDENS SKOOLURE.

3.1 Toegangshekke.

Die skool beskik oor 'n sekuriteitsheining (Devils fork). Leerders verkry toegang tot die skool deur toegangshekke wat gesluit word tot 10 minute na die skool begin en 10 minute voor die skool uitkom. Personeel verkry toegang tot die skoolperseel deurdat elkeen toegerus is met afstandbeheer sodat hulle met hul motors onder die afdakke kan parkeer. Besoekers meld by hoofhek aan vanwaar hule toegang tot die skoolterrein kry deur 'n monitor wat in die kantoor van die sekretaresse geinstalleer is.

Wanneer leerders na skool en ander skoolaktiwiteite deur ouers of voogde afgehaal word, moet leerders binne die skoolterrein op hul ouers wag. Onder geen omstandighede mag leerders vir hul ouers op die sypaadjie wag nie.

Verantwoordelikheid word vir leerders, wat by die skool afgelaai word, aanvaar vanaf 07:00 – 17:00. Voor en daarna is die leerder die verantwoordelik van die ouer of voog.

3.2 Toegang tot die skoolterrein.

3.2.1 Behoudens die Grondwet, toepaslike wetgewing en nasionale en provinsiale beleide mag die skoolhoof:

(a) sodanige stappe doen as wat hy/sy nodig ag ten einde die skoolterrein sowel as die persone daarop te beskerm; en
(b) beveel dat die skoolterrein slegs ooreenkomstig bepaling 3.2.2 betree mag word.

3.2.2 Met betrekking tot enige bevel wat ingevolge bepaling 3.2.1 (b) uitgevaardig is, sal geen persoon die skoolterrein sonder die toestemming van die skoolhoof betree nie. Vir die doeleindes van sodanige toestemming kan die skoolhoof die betrokke persoon versoek om:

(a) sy/haar naam, adres en enige ander ter saaklike inligting wat benodig kan word, te verskaf;
(b) bewys van sy/haar identiteit te verskaf;
(c) te openbaar of hy/sy enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddels in sy/haar besit of onder sy/haar beheer het;
(d) die inhoud van sy/haar voertuig, tas, bagasie, handsak, koevert, leer of houer van enige aard wat in sy/haar besit of onder sy/haar beheer is, te openbaar en bloot te lê;

(e) hom-/haarself of enige voorwerp wat in sy/haar besit of onder sy/haar beheer is aan 'n ondersoek deur 'n person van dieselfde geslag, 'n elektroniese toestel, snuffelhonde of ander apparate te onderwerp ten einde die teenwoordigheid van enige gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels te bepaal; en
(f) enigiets wat in sy/haar besit of onder sy/haar beheer is aan die skoolhoof te oorhandig vir ondersoek of bewaring totdat hy/sy die perseel verlaat.

3.2.3 Behoudens die bepalings van die Wet op Oortreding (Wet 6 van 1959) kan die skoolhoof op enige tydstip enige persoon van die skoolterrein verwyder indien:

(a) die persoon die skoolterrein sonder toestemming ingevolge bepaling 3.2.2 betree;
(b) die persoon weier of versuim om enige stap ingevolge bepaling 3.2.1 na te kom; of
(c) die skoolhoof dit nodig ag vir die beveiliging van die skoolterrein of die persone daarop.

3.3 Besoeke deur ouers of ander persone.

3.3.1 Ouers of enige ander persone wat 'n belang by die skoolgemeenskap het, het die reg om die skool te besoek, maar sodanige besoeke mag nie enige skoolaktiwiteit ontwrig nie.

3.3.2 Behalwe ouers of ander persone wat 'n belang by die skoolgemeenskap het, moet besoekers voor 'n beoogde besoek 'n afspraak met die skoolhoof maak en die redes vir, en deelnemers aan, die besoek vermeld.

3.3.3 Besoekers is onderworpe aan die bepalings van klousule 3.

3.3.4 Alle besoekers moet by die administratiewe sekretaresse aanmeld en die besoekersboek invul.

3.3.5 Geen ongemagtigde individu word tot die skool se onderriglokale, parkeerterreine of skoolterrein toegelaat nie en oortreders sal vervolg word.

3.3.6 Reg van toegang tot die skool word voorbehou, en enige person wat as 'n ontwrigting of bedreiging beskou word, sal summier van die skoolterrein verwyder word en kan van oortreding aangekla word.

3.3.7 Voortydige afhaal van leerders by die skool is onderhewig aan:.

- Leerders kan voortydig by skool deur ouers afgehaal word of iemand deur ouer(s) afgevaardig. Sekere skriftelike prosedures moet in derglike gevalle gevolg word deur uittekenboek by me. de Vries te voltooi wat die volgende inligting vervat:

Deur ouer of voog afgehaal.

(i) Naam van leerder.
(ii) Graad van leerder.
(iii) Naam van persoon wat leerder afhaal.
(iv) Tyd en datum.
(v) Rede hoekom leerder voortydig afgehaal word

- ***Deur iemand anders afgehaal.***

Addissionele maatreëls is van toepassing wanneer leerder deur iemand afgehaal word deur ouer(s) of voog afgevaardig:

(i) Persoon wat leerder afhaal moet kan bewys lewer van sy/haar identiteit en dat hy/sy regmatig deur ouer(s) of voog afgevaardig is om leerder voortydig af te haal.
(ii) Sekerheid moet bestaan dat afgevaardigde persoon bekend aan leerder is.
(iii) Indien daar twyfel bestaan oor enige van bogenoemde aangeleenthede, moet ouer(s) onmiddellik gekontak word.

Die skool sal ouers vroegtydig in kennis stel indien die skool op enige gegewe dag vroeër sluit.

3.5 Ander aktiwiteite om skoolveiligheid te verseker.

Waar prakties moontlik , moet aan die ouers die versekering gegee word dat leerders te alle onder 'n opvoeder/volwassene se toesig verkeer.

3.5.1 Tegnologieklas

Omdat daar gevaarlike elektriese toerusting in die lokaal is, mag geen leerder die lokaal betree sonder toesig en beheer van 'n leerkrag nie.

3.5.2 Brandgevaar en bomdreigmente.

Die skool beskik oor genoeg brandblussers wat op strategiese plekke geinstalleer is. Die brandblussers word op 'n jaarlikse basis vir defekte nagegaan en gediens.

In geval van bomdreigmente of suspisieuse voorwerpe sal die skoolhoof onmiddellik die polisie kontak, terwyl suspisieuse voorwerp(e) onaangeraak gelaat word.'n Noodplan, in

geval van 'n brand of bomdreigment , is ook in plek. Die noodprosedures word deur alle belanghebbendes gereeld ingeoefen.

3.5.3 Terreindiens.
Gedurende pouses is daar personeel en leerderraadslede wat die terrein en veral die omheinings patrolleer. Enige ongerymdhede word dadelik by skoolhoof of adjunk-hoof gerapporteer.

3.5.4 Verbode terrein

Die volgende areas is verbode terrein vir leerders:

- Klaskamers voor skool en tydens pouses.
- Personeelkamer sonder toestemming.
- Parkeerterreine.
- Vierkant aan oostekant van personeelkamer.
- Terreinpersoneel se fasiliteite.
- Administratiewe blok sonder toestemming.
- Tuine en blombeddings.
- Skoolsaal sonder toesig.
- Rekenaarlokaal sonder toesig.
- Ouditorium sonder toesig
- Mans- en damestoilette.
- Enige area naby skoolomheining.

Skuldiges sal volgens die skool se gedragskode vervolg word.

3.5.5 Swembad en wateraktiwiteite.
Die swembad is deeglik omhein met 'n toegangshek wat te alle tye gesluit is. Leerders mag alleenlik die swembad gebruik onder streng toesig van onderwyspersoneel of ander volwassenes.Die nodige kennisgewingborde met veiligheidsmaatreëls om en in die omgewing van die swembad moet duidelik vertoon word.

Gedurende enige swemaktiwiteite wat deel uitmaak van besoeke aan die see, riviere, damme en swembaddens sowel as wanneer leerders aan watersport of wateraktiwiteite deelneem, moet die skoolhoof behoorlike toesig verseker.

Die skoolhoof moet toesien dat leerders oor die gevare en veiligheidsmaatreëls met betrekking tot water ingelig word.

3.5.6 Medies/siekte/beserings/noodhulp.

By aansoek om toelting moet die ouer bewys lewer dat die leerder teen

polio, masels, tuberkulose, witseerkeel, klem-in-die-kaak en hepatitis B

ingeënt is.

Wanneer 'n leerder tydens skoolure siek raak/beseer word, geld die volgende reëlings:

- Sodanige leerder meld aan by me. Boshoff.
- Sy evalueer die leerder se toestand. Indien situasie nie ernstig blyk te wees nie, kan sy noodhulp toepas/medikasie toedien,

in welke geval dit in 'n register aangeteken moet word. Alvorens enige medikasie toegedien word, moet oue/voog se toestemming eers verkry word.(Sien BYLAAG A)

- Ouers word versoek om die skool skriftelik in kennis te stel van enige mediese toestand waaraan 'n leerder dalk ly. (BYLAAG B)
- Indien dit ernstig blyk te wees, word ouer/voog gekontak wat dan verdere aksie neem.
- In ernstiger gevalle word die leerder met die ouer/voog se toestemming, direk na dokter/hospitaal geneem.
- Geen leerkrag mag medikasie toedien sonder skriftelike toestemming van ouer/voog of geneesheer in geval van voorskrif medisyne nie. 'n Gewaarmerkte afskrif van die voorskrif moet tot die beskikking van die opvoeder gestel word.

3.5.7 Geweld- en dwelmvrye skool.

Dit is die skool se verantwoordelikheid om alle leerders teen afknouery en teistering te beskerm. Waardes soos respek vir ander en konflikhantering moet deeglik deur leerkragte vasgelê word. Wangedrag in die verband word as 'n ernstige oortreding beskou en word na die Dissipline Komitee vir spoedige afhandeling verwys. Indien die omvang en frekwensie van die oortreding dit regverdig, kan die hulp van die Skoolsielkundiges of Maatskaplike Dienste ingeroep word.

Geen persoon mag:

- Enige gevaarlike voorwerpe op die skoolterrein hê nie.
- Enige onwettige dwelmiddels op die skoolterrein hê nie.

Die skoolterrein onder die invloed van enige onwettige dwelmmiddels of alkohol betree nie.

- Enige vorm van geweld of rusverstoring veroorsaak wat 'n negatiewe uitwerking op enige skoolaktiwiteit kan hê nie.
- Willens en wetens die besit van enige gevaarlike voorwerp/dwelmmiddels kondoneer, oogluikend toelaat , versteek of die gebruik daarvan aanmoedig, sonder om dit by 'n leerkrag, departementele owerhede of polisie aan te meld nie.
- Enige persoon wat poog om iemand anders bloot te stel wat die voorkoming van gevaarlike voorwerpe of gebruik van dwelmmiddels probeer dwarsboom, direk of indirek leed aandoen nie.
- 'n Polisiebeampte of, in sy/haar afwesigheid, die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde mag sonder 'n lasbrief:
  - (i) die skool deursoek indien hy/sy 'n redelike vermoede het dat 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel op die skoolterrein teenwoordig is.
  - (ii) enige person op die skoolterrein deursoek, en
  - (iii) beslag lê op enige gevaarlike voorwerp of onwettige

dwelmmiddel wat in stryd met die bepalings van hierdie beleid op die skoolterrein of 'n persoon gevind word.

Geen opvoeder, ouer, leerder of enige ander persoon mag:

(i) alkohol;
(ii) onwettige dwelmmiddels;
(iii) enige onwettige middle; of
(iv) enige gevaarlike voorwerp,

gedurende 'n skoolaktiwiteit besit of gebruik nie.

3.5.8 Uitstappies tydens skoolure.

Die vervoer van die leerders op so 'n uitstappie is onderhewig aan die volgende

voorwaardes:

- Skoolvervoer.
  (i) Skoolbussies moet padwaardig wees.
  (ii) Leerders moet deur versekering gedek wees.
  (iii) Leerkragte/Volwassenes moet oor 'n Openbare Vervoerpermit beskik.

- Openbare vervoer.
  (i) Eienaars van Bus moet die volgende dokumentasie kan verskaf:
  (ii) Padwaardigheidsertifikaat van bus.

(ii) Bestuurslisensie en Openbare Vervoerpermit van busbestuurder.
(iii) Bewys dat passasiers ten volle verseker is.

3.5.9 Veiligheid van leerders se eiendom.

Die veilige bewaring van leerders se eiendom is die leerder se verantwoorde= likheid. Leerders word versoek om nie hul tasse en ander waardevolle artikels sonder toesig te laat rondlê nie.

B NA SKOOLURE

3.6 Middagstudie.

Middagstudie neem om 13:45, onder toesig, in aanvang waartydens daar register van alle middagstudie-leerders geneem word. Indien 'n middagstudie-leerder aan buitemuurse aktiwiteite moet deelneem, word dit as sodanig aangeteken. Pouse is 15:00 – 15:30. Leerders word soos volg deur ouers afgehaal.

3.6.1 In betrokke middagstudieklas.
3.6.2 In ontspanningslokaal waar TV fasiliteit beskikbaar is vir Grondslagfase leerders.
3.6.3 Na Middagstudie afgehandel is, by hoofhek, maar binne die skoolperseel.

Beserings tydens middagstudie word deur betrokke middagstudie-personeel hanteer en wel volgens dieselfde prosedure as beserings tydens skoolure. (Sien 4.8, pp 4-5)

3.7 Sportaktiwiteite: Binne normale skoolaktiwiteite.

Sportoefening en wedstryde geskied volgens 'n vooraf uitgewerkte program. Met die afhandeling van so 'n program is daar deeglike personeel- of toesig deur ander volwassenes.

Tydens wedstryde word daar met die beoefening van kontaksport voorsiening gemaak vir noodhulp deur professionele instansies.

Verantwoordelikheid van toesig oor spelers na sportbeoefening geld die volgende reëlings:

Direk na sportoefening. Afrigters dra geen verantwoordelikheid vir toesig van spelers na oefeninge nie.

3.7.1 Wedstryde en sportdae: Na wedstryde dra afrigters geen verantwoordelikheid vir toesig van spelers na wedstryde nie.

3.7.2 Kleursport: Swem en Atletiek.

Onderwystoesig volgens normale skoolure.Vervoer van leerders vir middagstudie is die skool se verantwoordelikheid en sal dienooreenkomstig gereël word.

3.7.3 Hokkiefestivals: Direk na wedstryde. Afrigters dra geen verantwoordelikheid vir toesig van spelers na wedstryde nie.

3.7.4 Die vervoer van die spelers om sportverpligtinge na te kom is onderhewig aan die volgende vereistes:

- Skoolbussies
  - (i) Skoolbussies moet padwaardig wees.
  - (ii) Leerders moet deur versekering gedek wees.
  - (iii) Leerkragte/Volwassenes moet oor 'n openbare vervoerpermit beskik.
- Openbare vervoer.

Eienaars van Busmaatskappy moet die volgende dokumentasie kan verskaf:

- (i) Padwaardigheidsertifikaat van bus.
- (ii) Bestuurslisensie en Openbare Vervoerpermit van busbestuurder.
- (iii) Bewys dat passasiers ten volle verseker is.

Tydens vervoer van sportspanne, waar daar van openbare vervoer gebruik gemaak word, moet sportafrigters die spelers op die bus vergesel om orde te handhaaf.

C ANDER SKOOLAKTIWITEITE

4 Skooltoere.

Rondom 'n skooltoer moet die die volgende skriftelik met die ouer(s), van die leerders wat sodanige toer meemaak, gekommunikeer word oor:

4.1 Doel van toer.
4.2 Tipe aktiwiteite waaraan leerders blootgestel word.
4.3 Kontakpersone waar aktiwiteite plaasvind.

4.4 Die aard van:vervoer;akkommodasie;etes, enenige ander relevante inligting.
4.5 Name van personeel wat leerders op toer vergesel.
4.6 Ouers sal volledig ingelig word oor enige reis na of deur 'n hoërisiko-siektegebied vir die doeleindes van 'n skoolaktiwiteit.

Ouers moet skriftelik toestemming verleen dat leerder op so 'n toer mag gaan. Skool mag nie by ouer aandring op 'n vrywaringsvorm waarin betrokkenes gevrywaar word van regsaksies in geval nalatigheid ter sprake is nie. Die skool onderneem dat die verhouding onderwyser tot kind minstens 1:20 sal wees, met inagneming van die geslag.

Indien die belangstelling rondom die aanbied van so 'n toer dit regverdig, is die volgende reëlings ter sprake in soverre dit die Departement van Onderwys betref:

4.7 Duplikaat-aansoekvorm aan Onderwysdepartement.(BYLAAG C)
4.8 Oorspronklike aansoekvorm na Onderwysdepartement en ander vir rekord van skool.
4.9 Aansoekvorm moet Departement minstens twee weke voor die toer in aanvang neem,bereik.
4.10 Toestemming van Onderwysdepartement.

Die skool kan die volgende vorms van vervoer gebruik:

(iv) Skoolvervoer onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- Skoolbussies moet padwaardig wees.
- Leerders moet deur versekering gedek wees.
- Leerkragte/Volwassenes moet oor 'n openbare vervoerpermit beskik.

(v) Openbare vervoer.
Eienaar van Busdiens moet die volgende dokumentasie kan verskaf:
- Padwaardigheidsertifikaat van bus.
- Bestuurslisensie(s) en Openbare Vervoerpermit(te) vanBusbestuur= der(s)asook die vervaldatum daarvan.
- Bewys dat passasiers ten volle verseker is.
- Indien verder as 700 km gereis word, moet die Busmaatskappy 'n tweede busbestuurder voorsien.
- Bus moet van 'n brandblusser voorsien wees.
- In geval van 'n ongeluk/insident moet die leerkrag in beheer die

Skoolhoof inlig rondom: (Ook van toepassing op 3.14.1)

* Aard van ongeluk/insident.
* Aard van moontlike beserings.
* Datum, tyd en plek van gebeure.

* Prosedures wat gevolg is na ongeluk/insident.

Die skoolhoof sal die Bestuursliggaam inlig rondom ongeluk/ insident.

D ANDER FOKUSAREAS.

FOKUSAREA	VEILIGHEIDS= BELEID	PROSEDURE OM PROBLEEM REG TE STEL.	VERANTWOORDELIKE PERSOON
Pornografie.	Om leerders teen pornografie te beskerm	o Wys leerders op gevare. o Ouers se samewerking.	o Skoolhoof. o Betrokke leerkrag. o Ouers. o Dissipline Komitee.
Seksuele teistering.	Personeel en leerders teen enige vorm van seksuele teis= tering te be= skerm.	o Kommunkasie met leerders. (Saalperiode) o Moedig leerders aan om ongerymdhede aan te meld.	o Skoolhoof. o Dissipline Komitee. o Skoolsielkundige. o Ouers. o Beheerliggaam
Ontvoering/ Onregmatige afvoer van leerders	Om te alle tye in leerders se belange op te tree.	o Uittekenregister. (Vgl 3.7, p.4.) o Kontrole oor toegang tot skool.	o Skoolhoof o S.A.P. o Skoolsielkundige. o Ouers.
Fisiese en verbale teistering.	Stabiele leer= omgewing by skool vir leerkragte en leerders te skep, vry van enige teistering.	o Rapporteer insident. o Deeglike ondersoek. o Dissiplinêre stappe. o Rekordering van insident.	o Skoolhoof. o Beheerliggaam. o Dissipline Komitee
Rassisme.	Om leerders en werknemers teen rassisme te beskerm.	o Rasseverskeidenheid as ‘n realiteit te besef. o Beklemtoon menseregte o Beklemtoon integrasie. o LRasseverskeidenheid as ‘n realiteit te besef. o Beklemtoon menseregte o Beklemtoon integrasie. o Lê klem op kultuur= verskille	o Leerders. o Leerkragte. o Beheerliggaam. o Gemeenskap. o Ouers. o S.A.P. o Dept van Onderwys
Onregmatige wegbly van skool.	Getroue skool= bywoning is verpligtend.	o Bywoningsregister. o Rapporteer afwesigheid. o Kontak ouers. o Rekordering.	o Klasonderwyser. o Skoolhoof. o Ouers. o Dissipline Komitee.
Skoolfunksies Ongewensde gaste.	Om leerkragte en leerlinge teen onge= wensde gaste te beskerm.	o Toegangsbeheer. o Deeglike toesig.	o Leerkragte. o Ouers. o S.A.P. o Beheerliggaam.
Satanisme en ander rituele.	Om die skool en gemeenskap teen derglike rituele te beskerm.	o Inskerp van Christelike Godsdiens. o Wys op gevare van satanisme. o Rapporteer afwykende gedrag.	o Leerkragte. o Skoolhoof. o Beheerliggaam o Ouers. o Geestelike leier.
Noodsituasies	Om leerders, leerkragte en ander te beskerm teen situasies wat hul lewens mag bedreig.	o Rapporteer situasie. o Opskerping van leerders en leerkragte tov verdagte optredes. o Noodplan. o Kalm bly. o Duidelike instruksies	o S.A.P o Enige professionele bystand.

E AKSIEPLANNE OM VEILIGHEIDSBELEID TE IMPLEMENTEER.

Elke skool is wetlik verplig om 'n Veiligheidskomitee te hê om aangeleenthede rondom die veiligheid van die leerders, leerkragte en ander rolspelers te koördineer. Die hoeveelheid persone wat op hierdie komitee dien wissel na gelang van die grootte van die skool. Die voorgestelde hoeveelheid is nege, wat dan kan bestaan uit:

- skoolhoof;
- twee leerkragte;
- drie ouers;
- twee lede van Beheerliggaam, en
- een verteenwoordiger van die S.A.P.

Skakeling met Suid-Afrikaanse Polisie, Reaksie-eenhede en Departement van Onderwys is noodsaaklik.

INFORMATION ON SAFE SCHOOL COMMITTEE

Province	Free State	
District	Motheo	
Name of school	Universitas Primary School	
Name of Principal	Mr M Coomans	
Contact details	Tel	051/5221371
	Cell	0823379446
	Email	mcoomans@tjokkies.fs.school.za

SAFE SCHOOL COMMITTEE

NAME AND CONTACT DETAILS OF THE CHAIRPERSON OF THE SAFE SCHOOL COMMITTEE.

Name	Mr N Slabbert
Designation	Chairperson
Tel.	051/5221371
Cell	
Email	

NAME AND CONTACT DETAILS OF THE SECRETARIAT OF THE SAFE SCHOOL COMMITTEE.

Name	Mr L Venter
Designation	Secretariat
Tel	
Cell	
Email	

NAME AND CONTACT DETAILS OF THE OTHER MEMBERS OF THE SAFE SCHOOL COMMITTEE.

Name	Me M Barkhuizen
Designation	Member/Secretariat
Tel.	
Cell	
Email	

Name H Greyling
Designation Member
Tel.
Cell
Email

Name Mr M Coomans
Designation Member
Tel. 051/5221371
Cell 0823379446
Email mcoomans@tjokkies.fs.school.za

Name Mr C Vosloo
Designation Member
Tel.
Cell
Email

Name Capt Jones
Designation Member/SAPS
Tel.
Cell
Email

Name Mr W Hoffman
Designation Member
Tel. 051/
Cell 0728795479
Email wh@senforce.co.za.za

Name Mrs A Venter
Designation Member
Tel. 051/5223628
Cell 0822024297
Email aventer@tjokkies.fs.school.za

LINKING 0F YOUR SCHOOL TO A LOCAL POLICE STATION.

NAME Parkweg Police Station
Tel 051/5076036

NAME AND CONTACT DETAILS OF THE STATION COMMANDER.

NAME Brig K Bonthuys
Tel 0515076301
Cell
Email

NAME AND CONTACT DETAILS OF SAPS OFFICIAL RESPONSIBLE FOR SCHOOL SAFETY TO YOUR SCHOOL.

Sector 3

Name Adj/ Off D Welthagen
Designation Membe/SAPS
Tel. 051/5076000
Cell 0828791205
Email drieswelthie@webmail.co.za

NAME AND CONTACT DETAILS: DEPERTMENT OF EDUCATION.

Name Dr Herman Steyn
Cell 0839254133
Email steynj@edu.fs.gov.za

3.16 Evaluering en monitering van Veiligheidsbeleid.

Veiligheidsbeleid moet aan Beheerliggaam vir goedkeuring voorgelê word. Beleid moet op 'n jaarlikse basis hersien en indien nodig, aangepas word. Al die aktiwiteite van die skool moet om die Veiligheidsbeleid gebou word.

Die skool moet ruim gebruik maak van ander belangegroepe wat as ondersteuningsbasis van die Veiligheidsbeleid kan dien.

BYLAAG C

Application for approval for undertaking a school activity where transport is involved

The principal of the applicant public school must complete this application form.

1. Details of school

1.1	Province	***Free State***
1.2	District or region	***Motheo***
1.3	Name of school	***Universitas Primêre Skool***
1.4	School EMIS number	***40303213***
1.5	Name of principal	***Michael Coomans***

2. Governing body contact details

	SGB official	Full names	ID number	Contact telephone number	Expiry date of term of office
2.1	Chairperson				
2.2	Secretary				
2.3	Treasurer				

3. Purpose of school activity

Objective:
Curriculum linkage:

Overnight or day visit: Overnight	No. of days: 8 days
If overnight: Type of accommodation: Melkbosstrand	
Catering arrangements:	

4. Activities of learners during school activity

Visits to: . Activities:

5. Composition of school activity party

Number of learners		Total	Number of educators		Total	Number of parents or other adults		Total
Boys	Girls		Male	Female		Male	Female	

6. Names of educators and parents or other adults who will accompany the learners.

7. Details of funding arrangements for the school activity

Cost of the school activity, per person:
Support strategy for learners whose parents cannot afford to pay for their participation in the school activity: Sponsors

8. Transport details

Name of company providing transport or of owner of vehicle: _____

8.2 Address:

_____

8.3 Roadworthy certificate:

Date of issue: _____ Expiry date: _____

8.4 Details of the driver:

Name of the driver: _____

Driving licence and code: _____

Expiry date: _____

Expiry date of professional driving permit: _____

Company's or vehicle owner's insurance (name and policy number):

_____

8.5 Details of the substitute driver:

Name of the substitute driver: _____

Driving licence and code: _____

Expiry date: _____

Expiry date of professional driving permit: _____

Company's or vehicle owner's insurance (name and policy number)

_____

8.6 Details of transport support system and route: Bloemfontein to Cape Town and back

9. Accommodation arrangements:

Type of accommodation: Melkbosstrand

No. of persons per room: 4

10. Documents to be submitted with application:

Copies of the following documents must be submitted with the application:

A full itinerary;
If the school activity is taking is taking place on invitation, a letter confirming such invitation; and
Any other documentation that will support the application.

11. Date and signature

Principal: M Coomans Signature: Date: 2016-02-23
(Print name)

Chairperson of Governing Body: W Burger Signature: Date: 2016-02-23
(Print name)

For official use:

Head of Provincial Education Department or his or her delegate:	
Date:	

Tour approved:	Yes	No

Reasons for refusal of the application: _____

Signature (HOD or his or her delegate): _____

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS

GEBEURLIKHEIDSPLAN
(NOODPLAN)

RAMP		TERREUR
1. Reageer op die seine uit die kantoor. 2. Brand • Luister na opdragte. • Ontruim volgens die aanbevole roete. 3. Klokseine: • Ontruim – drie lang klokke		1. Bly waar jy is. 2. Gaan lê plat op die vloer en beweeg na die kante. Bly stil. 3. Bly kalm en waaksaam. 4. Reageer op seine uit kantoor. 5. Klokseine: * Een lang klok

Areas waarheen ontruim word:

1. Graad R, 1 & 2 klasse beweeg na grasperk voor die krieketnette.
2. Graad 3 klasse, mnr Slabbert se klas en die klasse op dubbelverdieping beweeg na die rugbyveld.
3. Asbesklasse, Musiekklasse en die Ouditorium beweeg na die rugbyveld.
4. Die Tegnologieklasse, Laboratorium, Rekenarsentrum en mnr Venter se klas beweeg na die rugbyveld.
5. Kantoorpersoneel beweeg na die rugbyveld.

Nota:

- **Beweeg flink in rye sonder om te storm.**
- **Opvoeders bly in beheer van die klas wat by hom/haar is.**
- **Neem so gou moontlik register en rapporteer aan mnre Botha en Buys (Buddystelsel)**

GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 23 FEBRUARIE 2016

W Burger

Voorsitter vd BL